DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

1/2025 15 Januarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT
BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE
1. Nuwe personeel
2. Ouer- en onderwyserbraai
3. Oueraande
4. Kwartaalprogram
5. Buitemuurse bedrywighede
6. Skooltye
7. Swem
8. Buite-aktiwiteite
9. Redenaarsinligtingsessie
10. Skoolfonds vir 2025

"Resilience is a choice. It's choosing to rise above circumstances, no matter how difficult, to become the person you're meant to be."
David Goggins

Afrikaanse woord van die week

Woema: Geesdrif, wilskrag, deursettingsvermoë.

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Baie welkom terug aan al ons Park-leerders, ouers en personeel. Ons hoop dat u almal die rustyd geniet het en reg is om skouer aan die wiel te sit. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe leerders, ouers en personeel. Ons glo dat julle sommer gou deel sal word van die Park-familie. Aan die begin van hierdie jaar spreek ek weer die hoop uit dat elke leerder, ouer en personeellid daardie spreekwoordelike ekstra tree sal gee en veerkragtig sal wees. Om veerkragtig te wees en nuwe planne te kan maak, as dinge nie uitwerk soos jy gedink het nie, is 'n baie belangrike lewensbeginsel en iets wat ons in hierdie jaar moet poog om te doen. U het reeds die kwartaalprogram en buitemuurse rooster ontvang. Moedig asb. u kind aan om aan die aktiwiteite van die skool deel te neem. Ongelukkig mag dit wees dat daar soms aanpassings aan die program gemaak moet word soos wat dinge verander. Ons begin ook hierdie jaar met 'n nuwe aanslag met ons waardes en karakterbouprogram. Sien die inligting onderaan die nuusbrief van die ses waardes wat ons as skool by ons kinders wil inskerp. Daar sal weekliks in die *Skippertjie* inligting rondom hierdie saak deurgegee word sodat u as ouer ook met ons kan hande vat. Baie sterkte vir die 2025 skooljaar – ons sien met groot opgewondenheid uit! Seën vir almal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Nuwe personeel

Baie welkom aan al die nuwe personeel wat by ons aangesluit het:

- Mnr. Junior Olivier (Graad 5)
- Mnr Daniel Jacobs (Musiek)
- Me. Elsje de Jager (Graad 6)
- Me. Elné Conradie (Graad 3)
- Me. Anica Joubert – onderwysassistent by die grondslagfase
- Me. Cherese Crause – onderwysassistent by die grondslagfase
- Mnr. Estian Kritzinger – onderwysassistent by die senior fase

100% Parkies

Ons glo dat julle gou by ons sal inskakel en baie gelukkig sal wees hier by die 100%-skool.

2. Ouer- en onderwyserbraai

Neem asb. kennis van die ouer- en onderwyserbraai wat op Donderdag, 16 Januarie 2025 om 18:00 op die skool se sportvelde plaasvind. Dit sal in die vorm van 'n bring-en-braai wees waar die skool die braaivure voorsien en ouers hul eie vleis, bykosse, drinkgoed, eetgerei, stoele, ensovoorts saambring. Dit is 'n informele geleentheid waartydens ons sommer lekker saam gaan kuier en mekaar leer ken so aan die begin van die jaar.

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK VAN SE PROGRAM

Ma, 20 Jan: Oueraand: Gr. 4-7
Di, 21 Jan: Oueraand: Gr. RR-3
Wo, 22 Jan: Interhuis atletiek: Gr. 3-7 (Stadion)
Do, 23 Jan: Interhuis atletiek: Gr. RR-3 (Skool)
Oueraand: Gr. RR en R
Vr, 24 Jan: Tennis: Eden-proewe
Sa, 25 Jan: Tennis: Eden-proewe

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

3. Oueraande

Neem asb. kennis van die oueraande wat volgende week plaasvind. Dit is baie belangrik dat alle ouers hierdie geleenthede bywoon omdat dit ook as inligtingsvergaderings dien vir u as ouer en wat vir die jaar voorlê. Tydens hierdie geleenthede kan u ook u kind/ers se klasonderwysers ontmoet. Die oueraande is as volg:

- Maandag, 20 Januarie: Graad 4 – 7 om 18:00
- Dinsdag, 21 Januarie: Graad 1 – 3 om 18:00
- Donderdag, 23 Januarie: Graad RR en R om 18:00

4. Kwartaalprogram

Die kwartaalprogram is reeds aan u uitgestuur. Raadpleeg dit gerus om seker te maak dat u op hoogte van sake bly. Onthou egter dat dit onderhewig aan verandering is.

5. Buitemuurse bedrywighede

Ons begin reeds hierdie week met die buitemuurse bedrywighede. Moedig asb. u kind aan om so ver moontlik aan die aktiwiteite deel te neem. Ons gaan met die atletiekoefeninge tydens skooltyd begin. Leerder mag vanaf Donderdag, 16 Januarie tot en met die Interhuis-atletiekbyeenkoms met sportklere skool toe kom hiervoor. Raadpleeg asb. die buitemuurse rooster vir die oefentye wat na skool plaasvind.

6. Skooltye vir 2025

Let asb. daarop dat die skooltye vanaf 2025 op Vrydae aangepas is. Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

NB!

7. Swem

Baie geluk aan die volgende leerders wat in swem presteer het:

- Isabeau Coetzee behaal 4 goue-, 3 silwer- en 4 brons medaljes tydens die Wes-Kaap Kampioenskappe. Hiermee ontvang sy ook volle Wes-Kaap Kleure!
- Elke Coetzee behaal 2 brons medaljes tydens die Wes-Kaap kampioenskappe.
- Ané Venter is tot die Eden-swemspan verkies en het aan die Interdistrikte gala te George deelgeneem.

8. Buite-aktiwiteite

Binnenshuise krieket: Baie geluk aan Sias Poggenpoel wat tot die Eden-span verkies is vir deelname aan die interprovinsiale toernooi te Kuilsrivier gedurende April.

9. Redenaarsinligtingsessie

Alle ouers, asook graad 6 en 7-leerders wat belangstel om aan redenaars te deel te neem, word uitgenooi na 'n inligtingsessie op 29 Januarie in die skoolsaal om 17:00.

10. Skoolfonds vir 2025

Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R13 200**
- **Graad R en RR: R13 500**

Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. Kontak Anneke Harmse vir enige navrae (sien die bankbesonderhede langsaan)

Adverteer in Die Skippertjie teen R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

Respek bou sterk verhoudings!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

Verantwoordelikheid begin by jou!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

Omgee is die hartklop van 'n gelukkige wêreld!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

Regverdigheid is die sleutel tot vrede!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

Betroubaarheid

bou brûe van vertoue!

Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS

Volharding

maak jou onstuitbaar!

Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS